Maandag **12 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 9:35-41 (lees ook verse 13-34)**

**Fokusgedeelte: Johannes 9:38**

**Om te glo is om te sien!**

Vandag se Skrifgedeelte sluit af met die realiteit dat die blinde man – vir die eerste keer in sy lewe – kan sien. Tog is daar veel meer. As gestuurde gehoorsaam hy die Gestuurde van God en gaan was sy gesig in die Bad van Siloam (Siloam beteken *gestuurde*). Met oë wat nou fisies kan kyk, sien hy ook die Gestuurde Siloam, Jesus Christus as Seun van God, raak. Hierdie man, wat sy hele lewe lank blind was, en nou kan sien, is besig om 'n geestelike groeiproses te deurgaan. In gister se Skrifgedeelte praat hy bloot van Christus as "Die man met die naam Jesus ..." (vs 11). Onthou, hy is blind van Jesus af weg na Siloam toe – hy het nog nooit vir Jesus gesien nie.

Dan volg die gedeelte waar die Fariseërs hom en sy ouers ondervra oor wat alles op daardie Sabbatdag gebeur het. Na 'n lang redekawel noem die man, wat genees is, Jesus "*'n profeet*" (vs 17). Soos hulle hom ondervra, bely hy later dat Jesus, die Man wat hom genees het, "*van God af kom*" (vs 33). En dan die hoogtepunt. Hy ontmoet Jesus. Met sy eie, nuwe oë, sien hy vir Jesus. Tog weet hy nog nie dat dit Hy was wat hom genees het nie. Eers nadat Jesus vra of hy in die Seun van die Mens glo, bely en aanbid hy Jesus met die woorde: *"Ek glo, Here!"* (vs 38).

Die lig het twee keer vir hierdie man opgegaan. Eers sy fisiese twee oë waarmee hy Jesus kon sien. Nadat hy Jesus gesien het, gaan sy geloofsoë oop – hy erken Christus as die Lig vir die wêreld.

Om te glo is om God, en sy wonderwerke, raak te sien!

*Sing: Psalm 89-1:6, 14*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*